



Verwysing: 20160905-3878

13/12/49

Navrae: R Larney

Omsendbrief: 0035/2016

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole

Kort opsomming: *’n Skool se gedragkode bevorder behoorlike en goeie gedrag en stel standarde vir positiewe dissipline. Alle belanghebbendes moet betrokke wees by die opstel van ’n gedragkode en dit moet voldoen aan die waardes soos uiteengesit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.*

### Onderwerp: Gedragkode

1. Gebeure by skole in Gauteng en die Wes-Kaap die afgelope paar weke het die aandag gevestig op die belangrikheid van skole se gedragkodes wat die waardes van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 weerspieël.
2. Hierdie omsendbrief dien om skole te herinner om gedragkodes van tyd tot tyd te hersien om seker te maak dat hulle hul voorneme in ooreenstemming met die Grondwet bereik, met inagneming van deurlopende gesprekke oor wat gedragkodes benodig.
3. Hierdie omsendbrief herroep Omsendbrief 0024/2009 in sy geheel.
4. Artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) bepaal dat die beheerliggaam van ’n openbare skool ’n gedragkode vir die leerders van die skool moet goedkeur.
5. ’n Gedragkode bevorder behoorlike en goeie gedrag en stel standarde vir positiewe dissipline. ’n Gedragkode bevat dissiplinêre reëls vir leerders en dit is belangrik dat hierdie reëls korrek geraadpleeg, toegepas en afgedwing word om ’n gedissiplineerde en demokratiese skoolomgewing te verseker.

'n Gedragskode maak voorsiening vir 'n ordelike omgewing vir die lewering van gehalte onderrig en leer deur:

- die regte en veiligheid van alle leerders, onderwysers en ouers te bevorder;
- te verseker dat leerders verantwoordelikheid vir hul eie optrede en gedrag neem;
- alle vorme van onregverdig diskriminasie en onverdraagsaamheid te ontmoedig; en
- ontwrigtende en aanstootlike gedrag uit te skakel.

6. Alle belanghebbendes naamlik ouers, onderwysers en leerders, insluitend die Verteenwoordigende Raad van Leerders, moet by die opstel van 'n gedragskode betrokke wees. Die proses moet deelnemend, oop en deursigtig wees.

6.1 Indien daar verskille of onsekerhede oor die inhoud van die gedragskode is, is dit belangrik dat belanghebbendes dit bespreek en uitstryk voor dit formeel goedgekeur word.

6.2 Dit is dus belangrik dat die gedragskode ook voorsiening maak vir 'n geskilbeslegtingsproses wat gedeeltelike wysigings of die herroeping van 'n gedragskode sal toelaat.

7. Beheerliggame, insluitend prinsipale, word verder daarop gewys dat 'n gedragskode 'n regsdocument is en binne die breër wetlike grense van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, opgestel moet word. Dit moet uitvoering gee aan grondwetlike waardes, demokratiese beginsels en 'n kultuur van menseregte binne die skool.

Prinsipale word versoek om beheerliggame in dissiplinêre sake by te staan in terme van Artikel 16A (2)(d) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).

8. Wanneer die beheerliggaam die gedragskode vir leerders goedkeur, moet die beheerliggaam binne sy magte en in die beste belang van die skool en al die leerders optree.

9. Die aangehegte Departement van Basiese Onderwys (DBO) boekie is daarop gemik om beheerliggame met die ontwikkeling of die hersiening van die gedragskode van die skool te help.

Neem asseblief die vrymoedigheid om wysigings aan die DBO se riglyne voor te stel, terwyl die WKOD voortgaan om sy benadering tot die opstel van gedragskodes te verbeter.

10. In die lig van die kwessies wat onlangs geopper is, vra ons alle skole om hul gedragskodes te bestudeer en te verseker dat hulle aan die beginsels soos hierbo uiteengesit, voldoen.

11. Rig asseblief navrae aan die betrokke kringbestuurder.
12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel, lede van beheerliggame en ouers.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2016-09-06